CLF MONITOR
Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za
VOL: 8 WINTER 2009

Pamflette inspireer Jeugbediening

CLF het met die daarstelling van die *Stop Dink Doen*-pamflet die spyker op die kop geslaan en 'n leemte gevul wat ouers, opvoeders en jeugbedienings bystaan in hul opvoedingstaak.

Stop, Dink, Doen handel oor die regte lewenskeuses en leer kinders hoe belangrik dit is om eers te stop en te dink voor hulle optree in situasies omdat verskillende aksies verskillende resultate het.

Die pamflet het 'n groep organiseerders van die jaarlikse Bielie Mielie fees in Reitz so geïnspireer dat hulle besluit het om dit die tema van hul Jeug-kuiertent te maak.

Carien de Bruyn skryf dat hul fees oorspronklik die landbouskou was, maar deur die jare verander het na 'n fees met stalletjies, optredes en 'n biertent. Omdat laasgenoemde veral aftrek onder die jongmense kry, het hulle besluit om 'n alternatiewe opsie te bied in die vorm van die Jeug-kuiertent.

"Dit was die eerste jaar wat daar 'n 'geestelike' stalletjie was. Ons wou 'n plek skep met gesonde, geestelike vermaak wat jongmense kan inspirieer om 'n 'Bielie vir Jesus' te wees!"

"Toe ons julle pamflet by die AGS kerk op ons dorp gesien het, het ons onmiddellik geweet dit is wat ons tema moet wees. Ons het baniere en slagspreuke rondom dit in en rondom die tent uitgestal. Binne in die tent het ons ook 'n aantal van jul pamflette gratis beskikbaar gestel en ook geestelike boeke, cd's, t-hemde en dies meer verkoop.

Verder het ons die personeel wat in die tent diens gedoen het uitgerus met t-hemde waarop die Stop, Dink Doen-tema uitgebeeld is.

"Baie dankie dat ons julle pamflette kon gebruik. Die kwaliteit daarvan is baie goed en die inligting is baie waardevol vir veral jongmense. Mag die Here julle vorentoe seën in julle werk en ons bid dat julle pamflette nog baie lewens sal aanraak en verander en nader na Jesus sal trek."

Hierdie suksesverhaal is weer eens alleenlik moontlik gemaak deur die goedheid van ons Hemelse Vader wat ons elkeen sterk in die ywer om die taak te verrig - om Christelike lektuur te verskaf aan mense in hul eie taal en natuurlik deur die ondersteuning van medegelowiges soos u - hetsy deur gebed of finansieel.

Daagliks ontvang ons waardevolle terugvoering van mense in die bediening, individue, opvoeders, mense vanuit alle oorde wat ons pamflette gebruik - mense wat vertel watter lewensveranderende invloed CLF se pamflette het en hoeveel dit vir hulle beteken. Dankie dat u deel uitmaak van ons span wat lewens verander!

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

Zim-gesangeboek - 'n reusewerk voltooi

Met groot dankbaarheid kon die Reformed Church in Zimbabwe (RCZ) onlangs hul eerste splinternuwe gesangeboek – die NZIYO – met musieknote en al, ontvang. Dit was 'n groot spanpoging, wat geloofsmoed en deursettingsvermoë geverg het. 'n Eerste oplaag van 7000 boeke is reeds op pad Zimbabwe toe. Nou is daar weer boeke om uit te sing!

Die amptelike oorhandiging sal plaasvind - al moet dit in die hospitaal gebeur! Dit nadat die algemene sekretaris van die RCZ, ds C Munikwa sy enkel gebreek het en in die hospitaal beland het. V.l.n.r - ds Hans Steyn en dr Hennie van Deventer van Bybelmedia, ds E Chomutiri, die vorige moderator van die RCZ, ds C Munikwa, Christelle Vorster, CLF bestuurder en dr Kobus Odendaal van die Kaapse Getuienisaksie.

Dit was so drie en 'n half jaar gelede toe die sinode van die RCZ Marie Conradie van Pretoria versoek het om die huidige NZIYO vanaf tonic solfa na balknotasie oor te skryf. Een groot rede daarvoor is dat die kinders van die kerk op skool notasie leer en dus nie meer tonic solfa ken nie. En, hulle kinders wil graag die kerkliedere leer en saam sing!

Marie en haar man, ds Pieter Conradie was jare gelede sendelinge in Zimbabwe. Sy het ook die Belydenisskrifte, Kerklike Formuliere en die Katkisasie (Kortbegrip) bygevoeg – dit het 'n baie handige middel vir die gemeentelike bedie-ning geword. Toe dit uiteindelik klaar was, moes dit gedruk word. Daarvoor was geld nodig, sommer heelwat. Die kerk in Zimbabwe sou tog nie daarvoor kon betaal nie. Marie het kom hulp vra, ook by CLF. CLF het die inisiatief geneem. Ander instansies soos Bybelmedia, die Noordelike Sinode en die Kaapse Getuienisaksie van die NG Kerkfamilie, het groot bydraes gemaak. So ook 'n aantal gemeentes en individue. Meer as R150 000 is gou-gou ingesamel en 'n eerste oplaag van 7000 kon gedruk word. Dit is 'n mooi publikasie, met 'n vrolike, helderkleurige buiteblad, net soos die RCZ versoek het. Die volgende uitdaging was om die 3 ton vrag in Zimbabwe te kry. Weer het 'n hele klomp mense kom hulp aanbied. Dis asof almal bewus is van die waarde van so 'n publikasie, juis vir Zimbabwe vandag. SA Truck Bodies, 'n onderneming in Bloemfontein, het die vrag Pretoria toe geneem, gratis. Vandaar neem die Noordelike Sinode dit na die NG Gemeente Louis Trichardt, wat dit weer verder tot by die sinodale kantoor van die RCZ in Masvingo neem, alles net as liefdesdiens. Dit het 'n verstommende verhaal geword, van saamwerk en omgee, van oop hande en harte, en dankbare deel wees van die droom: dat ons geloofsgenote oorkant die grens die heling van die evangelie in hulle stukkende land in sal sing, van gemeente tot gemeente, van dorpie tot dorpie tot in die hoofstad Harare.

Nòg leesstof vir Zimbabwiërs, ook in SA

Toenemend kom die versoek: "Ek kry daagliks met soveel mense van Zimbabwe te doen hier in Suid-Afrika- het julle nie dalk Sjona-lektuur nie?"

Twee pamflette, oor die basiese evangelie, is nou vertaal en beskikbaar in Sjona. Hoewel net 'n klein drukoplaag gedruk kon word as gevolg van beperkte fondse, is die geloof groot dat, soos met die Nziyo, mense se harte geraak sal word om bydraes te maak sodat nog lektuur vir die Sjona-sprekendes gemaak kan word - nie net vir die wat na Suid-Afrika gevlug het nie, maar ook lektuur wat ons oor die landsgrens kan stuur vir dié wat agtergebly het. Indien u 'n spesiale bydrae vir hierdie lektuur wil maak, merk dit "*Zim*" sodat ons weet dat u donasie vir dié projek bedoel is.

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

Help CLF om Bybelverhale na kinders te neem

Hier by CLF glo ons dit is baie belangrik dat kinders reeds van kleins af Jesus moet leer ken. Ongelukkig het soveel kinders, steeds geen toegang tot 'n Bybel of Bybelverhale nie. En vele van hulle ook nie in hul eie taal nie!

Meer as 30 jaar gelede het CLF 'n baie gewilde Bybelverhaalbundel in verskeie tale uitgegee. Hierdie boek, *Kom stap saam* was baie bekend en gewild onder kinders, ouers wat dit voorgelees het aan hul kinders en selfs in kategeseklasse. Omdat dit in soveel inheemse tale beskikbaar was, is die boekie met groot sukses in die mees afgeleë areas gebruik as Sondagskoollessies.

Die boek kon egter as gevolg van die geweldige koste nie herdruk word nie, maar die gewildheid het nie afgeneem nie. CLF het onderneem om die boek in geloof te laat herleef ten spyte van die koste.

Die stories is aangepas vir lesers 30 jaar later. En nou begin die reusetaak om fondse te vind om hierdie boek in die hande van jong gelowiges te kry teen 'n bekostigbare prys sodat soveel moontlik kinders meer oor Jesus en Sy wonderlike verlossingsverhaal, ook vir hulle, kan leer.

Deur *Kom stap saam* so bekostigbaar moontlik te maak, sal dit moontlik wees vir kerke en individue om kopieë aan te koop en aan minderbevoorregte instansies en kerke in hul omgewing te versprei. Of iemand naby aan u, iemand wat by u werk, 'n kollega, selfs 'n wildvreemde op straat met 'n kind aan die hand, kan deel van u uitreik wees om 'n kind vir Jesus te wen deur hom of haar toe te rus met die Boodskap van die Bybel.

Dit is ons droom om hierdie Bybelverhale in minstens 11 tale te vertaal en aan soveel moontlik kinders van ons land die lewensveranderende Boodskap te bring teen 'n bekostigbare prys.

Ons het reeds R149 560 ingesamel, maar ons mikpunt om al 11 amptelike landstale te druk, beteken dat ons 'n totale bedrag van R600 000 moet insamel.

Indien u 'n bydrae wil maak, merk dit asseblief **duidelik** *Kom stap saam* en skryf ook u naam en telefoonnommer as verwysing vir ons neer.

KOM STAP SAAM FONDSMETER



Pamfletproduksie Maart 2008 - 2009



CLF kon met die hulp van ons lojale ondersteuners gedurende die afgelope finansiële jaar 1.8 miljoen pamflette druk. Meegaande grafiek toon die persentasie mbt die sosiale kwessies wat deur ons pamflette aangeraak is in die gegewe tydperk.

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

MEES SENIOR DONATEUR - Mev HL Raberg oftewel tannie Heleen, is 96½ jaar oud en volgens ons databasis CLF se oudste donateur. Sy woon nog in haar eie woonstel in Rosebank, Kaapstad en bak selfs nog haar eie vrugtekoek! Sy het 'n uitgebreide Christenvriendegroep en is 'n wonderlike voorbeeld van hoe jy God se liefde uitstraal na ander.

JONGSTE ONDERSTEUNER - Carlize Loots van Kuruman is 13 jaar oud. Haar briefies aan CLF getuig van 'n opreg persoonlike verhouding met God en sy leef elke dag biddend en dankbaar vir haar Skepper. Carlize stuur gereeld 'n bydrae aan CLF - deel van haar hardverdiende sakgeld wat sy graag wil aanwend om nog Christelike lektuur te versprei en ander te help. Carlize se briewe en liefde vir haar medemens is vir ons hier by CLF 'n ware inspirasie.

Nuwe CLF webwerf gebruikersvriendelik

CLF het vroeër vanjaar die nuwe webwerf bekendgestel. Vir die eerste keer spog CLF nou met 'n webwerf waar die volledige reeks produkte bestel kan word. Die pragreekspamflette is duidelik uiteengesit in kategorieë en tale en dit is maklik om 'n aanlyndonasie te maak.

Benewens die uitgebreide reeks pamflette, kan die verkoopbare produkte ook nou aanlyn bestel word. Dit sluit onder meer die missionêr gerigte leesstof in verskeie tale in asook die kategeseboeke van die NGKA en die VGK en die NGKA se liedboeke.

Ander produkte sluit CLF se gewilde reeks boekmerkies asook die Kers- en verjaardagposkaartjies in.

Interessante skakels kan ook op die blad gevind word - die gewilde weeklikse boodskap, *Pitkos vir die Siel* kan hier afgelaai word asook die nuusbrief in elektroniese formaat. Getuienisse van pamfletgebruikers, interessante wenke en inligting oor CLF Vigstrust, die afdeling van CLF wat Artikel 18 A status geniet, kan hier bekom word. Bedieningshulpmiddele soos die Pinksterreeks is ook van vanjaar aflaaibaar vanaf www.clf.co.za

Indien u enige voorstelle rondom die webwerf het, stuur gerus 'n e-pos aan publisher@clf.co.za

Uit ons Possak

Ek geniet julle christelike leesstof geweldig. Wees verseker dat dit goed gebruik word. EK

Baie, duisende dankies vir jul besonderse pamflette. Ek het dit begin uitdeel in ons strate en my verbasing was groot om te sien hoe die mense elke pamflet met sorg ontvang. Dankie vir die wonderlike taak wat julle verrig. God seën julle. AH

Opregte waardering vir die uitstaande werk wat julle doen. Ewigheidswaarde daarvan kan beslis nie gemeet word nie. AL

Dankie vir die nuusbriewe wat ons ontvang. Dit is uiters noodsaaklik om kennis te hê van die werk wat deur U gedoen word want dan alleen kan ons positief bid. JK

Ek wil net baie dankie sê vir die kosbare pamflette wat ek ontvang het. Dit is wonderlike en leersame leesstof. BV

Ek het baie waardering vir die werk wat u verrig. Ek wens baie keer dat ek ook so bevoorreg kon wees om daar te werk! MJ

Ek dink julle doen wonderlike werk. Gaan so voort. MJ